

# HOE VERSTAAN ONS KLIMAATS- VERANDERING



CLIMATE  
JUSTICE  
CHARTER  
MOVEMENT

## WAT IS KLIMAATS- VERANDERING?

Klimaat verwys na die langtermyn-veranderinge in eerpatrone wat daaglik ons lewens beïnvloed. Klimaatswetenskaplikes bestudeer en meet hierdie eranderinge. Die langtermyn-gemiddeldes van atmosferiese en oseaan-veranderlikes help om te bepaal of daar enige tendense in die klimaat oor 'n tydperk bespeur kan word. As gemiddeldes oor 'n lang genoeg tydperk (twintig jaar of meer) geneem word, behoort veranderlikes in die klimaat vanweë aspekte rondom gebeure soos El Niño and La Niña te normaliseer sodat die klimaat min of meer stabiel bly. As sistemiese tendense in die klimaat egter bespeur kan word, sal ons weet dat iets fundamenteels in die aarde se klimaatstelsel aan die verander is. Al kan 'n veranderende klimaat aan natuurlike prosesse soos 'n verandering in die hoeveelheid sonbestraling of vulkaniese uitbarstings toegeskryf word, is daar heelwat bewyse dat klimaatsverandering oor die afgelope anderhalf eeu (sedert die begin van die Nywerheidsrevolusie) aan die gebruik van olie, steenkool en gas toegeskryf kan word.



## SUIDER-AFRIKA: 'N AANGEWESSE KLIMAATSVERANDERINGS- 'WARMKOL'

Daar is drie redes hoekom Suider-Afrika as streek meer kwesbaar vir klimaatsverandering is as ander wêrelddele: Eerstens gaan dit aan relatief 'sterker' klimaatsverandering blootgestel word. Die Suider-Afrikaanse binneland het oor die afgelope vyf dekades teen 'n koers van sowat twee maal dié van aardverwarming verwarm en klimaatsmodelle stel voor dat hierdie patroon van bogemiddelde streeksverwarming vir die res van die eeu sal voortduur. Tweedens ontbreek dit aan 'hanteringsvermoë'. Suider-Afrika bestaan uit ontwikkelende lande wat nog nie oor hoogs gesofistikeerde rampbestuurstelsels en -infrastruktuur beskik of oor die geld om aan klimaatsaanpassing te bestee nie en ons ekonomieë is uiters vatbaar vir veranderinge in die klimaat (landbou en toerismebedrywe). Derdens is Suider-Afrika 'n droë en warm streek wat na beraming uitermatig warmer en droër gaan word. Wanneer 'n droë, warm streek nog droër en warmer word, is die opsies vir aanpassing by klimaatsverandering beperk.

## WATTER UITERSTE WEERSKOKKE KAN SUIDER-AFRIKA TE WAGTE WEES?




Met aardverwarming teen 3 grade Celsius kan droogtes oor verskeie jare voortduur en kan herhaalde hittegolwe so ernstig wees dat dit tot die ineenstorting van mieliegewasse en die veebedryf in groot dele van Suider-Afrika lei.





"klimaatmodelle stel voor dat hierdie patroon van bogemiddelde streeksverwarming vir die res van die eeu sal voortduur"

Met aardverwarming teen 3 grade Celsius kan droogtes oor verskeie jare voortduur en kan herhaalde hittegolwe so ernstig wees dat dit tot die ineenstorting van mieliegewasse en die veebedryf in groot dele van Suider-Afrika lei.



## IMPLIKASIES VAN KLIMAATSVERANDERING VIR SUID-AFRIKA

Die opeenvolging van skokke vanweë klimaatsomstandighede van uiterstes is morsig en kompleks. Byvoorbeeld, al dra landbou relatief min tot ekonomiese uitsette in Suid-Afrika by, word die impak van 'n ongunstige klimaat deur groot getalle mense gevoel as gevolg van landbouwerkloosheid, stygende voedselpryse en honger. Ander voorbeelde sluit vloede vanweë uiterste reënval in wat arm gemeenskappe langs riviere beïnvloed.



## REAKSIES OP KLIMAATSVERANDERING

Reaksies op klimaatsverandering sluit versagting sowel as aanpassing in. Versagting is 'n "menslike tussentrede om die bronne te verminder of die afname in kweekhuysgasse te verhoog"[i] en aanpassing is "die proses van aanpassing by 'n werklike of verwagte klimaat en die gevolge daarvan". Versagtings- en aanpassingsweë is nie polities neutraal nie. Dit moet gaan oor 'transformasie' van die persoonlike, praktiese en politiese sferes van ons lewens. Die fokus is op die wysiging van gebruike wat ons in die eerste plek fundamenteel kwesbaar maak vir klimaatsrisiko's. Voorbeelde van transformasie kan 'n oorgang wees na hernubare energie in maatskaplike en gemeenskaplike besit, verbeterde toegang tot klimaatposte en die bou van 'n nuwe voedselstelsel wat gegrond is op voedselsoewereiniteit.